# Hersiene
# Nasionale Kurrikulumverklaring
# Graad R-9
# (Skole)

## Lewensoriëntering

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

Departement van Onderwys

Sol Plaatje-huis
Schoemanstraat 123
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 312-5911
Faks: +27 12 321-6770

Pleinstraat 120
Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465-1701
Faks: +27 21 461-8110

http://education.pwv.gov.za

© 2003 Departement van Onderwys, Pretoria

ISBN: 1-919975-18-7

Staatskoerant, nr. 23406, vol. 443, Mei 2002

Hierdie dokument moet as deel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) gelees word.

Hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) sluit in:

1. ´n Oorsig
2. Agt Leerareaverklarings:
   - Tale
   - Wiskunde
   - Natuurwetenskappe
   - Sosiale Wetenskappe
   - Kuns en Kultuur
   - Lewensoriëntering
   - Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
   - Tegnologie

# HOE OM HIERDIE BOEK TE GEBRUIK

- Vir algemene inligting, verwys na:
  - *Inleiding tot die Nasionale Kurrikulumverklaring in hoofstuk 1* – Dit sal inligting oor uitkomsgebaseerde onderwys, die Hersiene Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en leerprogramme verskaf.
  - *Inleiding tot die Leerarea in hoofstuk 1* – Dit sal ’n inleiding tot die leerareaverklaring, die kenmerke en omvang daarvan en die leeruitkomste verskaf.
  - *Leerderassessering* – Hierdie hoofstuk verskaf riglyne ten opsigte van assesseringsbeginsels in uitkomsgebaseerde onderwys, bespreek deurlopende assessering en verskaf voorbeelde van verslaghouding.
  - Die *Naslaanlyste* bevat ’n algemene woordelys vir *kurrikulum en assessering.*

- Hierdie boek bestaan uit verskeie hoofstukke. Daar is een hoofstuk vir elkeen van die fases van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband – die Grondslagfase, Intermediêre Fase en Senior Fase. Elkeen van hierdie hoofstukke het ’n kort inleidende gedeelte wat deur die assesseringstandaarde vir die fase gevolg word. Daar is ook ’n hoofstuk oor leerderassessering.

- Die assesseringstandaarde vir elke fase word op so ’n manier aangebied dat dit moontlik is om progressie te volg. Dit beteken dat soortgelyke assesseringstandaarde vir elke graad saam verskyn sodat die onderwyser progressie van jaar tot jaar kan nagaan. As gevolg hiervan is daar van tyd tot tyd oop ruimtes, want nie elke assesseringstandaard het ’n ooreenkomstige een in elke graad nie.

- Sekere simbole word regdeur die boek gebruik om die leser te help om inligting op te spoor. Hierdie simbole is:

**Assesseringstandaarde**

**Graad**

**Leeruitkoms**

# INHOUD


## HOOFSTUK 1: INLEIDING 1

### INLEIDING TOT DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING 1

Uitkomsgebaseerde Onderwys 1
Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerareaverklaring 2
Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerprogramme 2
Tydstoekenning 3
Assessering 3
Die Soort Onderwyser wat in die Vooruitsig gestel word 3
Die Soort Leerder wat in die Vooruitsig gestel word 3

### INLEIDING TOT DIE LEWENSORIËNTERING-LEERAREA 4

Definisie 4
Doel 4
Unieke Kenmerke en Omvang 5
Lewensoriëntering-leeruitkomste 7

## HOOFSTUK 2: GRONDSLAGFASE (Graad R-3) 9

### LEERUITKOMSTE 9

Leeruitkoms 1: Gesondheidsbevordering 9
Leeruitkoms 2: Sosiale Ontwikkeling 9
Leeruitkoms 3: Persoonlike Ontwikkeling 9
Leeruitkoms 4: Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging 10

### ASSESSERINGSTANDAARDE 10

Assesseringstandaarde vir Graad R 12
- Leeruitkoms 1: Gesondheidsbevordering 12
- Leeruitkoms 2: Sosiale Ontwikkeling 13
- Leeruitkoms 3: Persoonlike Ontwikkeling 14
- Leeruitkoms 4: Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging 15

Assesseringstandaarde vir Graad 1-3 16
Leeruitkoms 1: Gesondheidsbevordering 16
Leeruitkoms 2: Sosiale Ontwikkeling 18
Leeruitkoms 3: Persoonlike Ontwikkeling 20
Leeruitkoms 4: Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging 22

## HOOFSTUK 3: INTERMEDIÊRE FASE (Graad 4-6) 25

### LEERUITKOMSTE 25
Leeruitkoms 1: Gesondheidsbevordering 25
Leeruitkoms 2: Sosiale Ontwikkeling 25
Leeruitkoms 3: Persoonlike Ontwikkeling 25
Leeruitkoms 4: Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging 26

### ASSESSERINGSTANDAARDE 26
Leeruitkoms 1: Gesondheidsbevordering 28
Leeruitkoms 2: Sosiale Ontwikkeling 30
Leeruitkoms 3: Persoonlike Ontwikkeling 32
Leeruitkoms 4: Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging 34

## HOOFSTUK 4: SENIOR FASE (Graad 7-9) 37

### LEERUITKOMSTE 37
Leeruitkoms 1: Gesondheidsbevordering 37
Leeruitkoms 2: Sosiale Ontwikkeling 37
Leeruitkoms 3: Persoonlike Ontwikkeling 37
Leeruitkoms 4: Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging 38
Leeruitkoms 5: Oriëntering ten opsigte van die Wêreld van Werk 38

### ASSESSERINGSTANDAARDE 38
Leeruitkoms 1: Gesondheidsbevordering 40
Leeruitkoms 2: Sosiale Ontwikkeling 42
Leeruitkoms 3: Persoonlike Ontwikkeling 44
Leeruitkoms 4: Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging 46
Leeruitkoms 5: Oriëntering ten opsigte van die Wêreld van Werk 48

## HOOFSTUK 5: LEERDERASSESSERING 51

INLEIDING 51

ASSESSERINGSBEGINSELS WAT IN UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS GEBRUIK WORD 51

Definisie 51

Kernelemente 52

Doelstellings van Assessering 52

DEURLOPENDE ASSESSERING 52

Kenmerke van Deurlopende Assessering 53

Assesseringstrategieë 53

Algemene Assesseringstake 53

DIE BESTUUR VAN ASSESSERING 54

Mense betrokke by Assessering 54

Skoolassesseringsprogram 54

VERSLAGHOUDING 55

Verslagboeke 55

Kodes vir Gebruik by Assessering 55

Nasionale Kodes 56

Vorderingskedules 56

Leerderprofiele 57

RAPPORTE 57

Inligting wat in Rapporte moet Verskyn 57

Rapporte 58

## NASLAANLYSTE 59

WOORDELYS: KURRIKULUM EN ASSESSERING 59

# HOOFSTUK 1
# INLEIDING

## INLEIDING TOT DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) verskaf die grondslag vir die transformasie en ontwikkeling van die kurrikulum in Suid-Afrika. Die Aanhef tot die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- heel die verdelings van die verlede en skep ’n samelewing gegrond op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en fundamentele menseregte;
- lê die grondslag vir ’n demokratiese en oop samelewing waarin regering op die wil van die bevolking gegrondves is en elke burger gelyk deur die reg beskerm word;
- verhoog die lewensgehalte van alle burgers en ontsluit die potensiaal van elke mens;
- bou ’n verenigde en demokratiese Suid-Afrika wat sy regmatige plek as ’n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

Onderwys en die kurrikulum speel ’n belangrike rol in die verwesenliking van hierdie doelwitte. Die kurrikulum is daarop gerig om die volle potensiaal van elke leerder as burger van ’n demokratiese Suid-Afrika te ontwikkel.

### Uitkomsgebaseerde Onderwys

Uitkomsgebaseerde onderwys vorm die grondslag vir die kurrikulum in Suid-Afrika. Dit strewe daarna om alle leerders in staat te stel om tot hul maksimum vermoë te presteer. Dit word gedoen deur die uitkomste wat aan die einde van die proses bereik moet word, uiteen te sit. Die uitkomste beklemtoon ’n leerdergerigte en aktiwiteitsgebaseerde benadering tot onderwys. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring bou die leeruitkomste vir die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband vir graad R-9 (vir skole) op die kritieke en ontwikkelingsuitkomste wat deur die Grondwet geïnspireer is en in ’n demokratiese proses ontwikkel is.

Die kritieke uitkomste stel leerders wat tot die volgende in staat sal wees, in die vooruitsig:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend saam met ander as lede van ’n span, groep, organisasie en gemeenskap;
- organiseer en bestuur hulself en hul aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme;
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon;
- begryp dat die wêreld ’n stel verwante stelsels is waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

Die ontwikkelingsuitkomste stel leerders wat ook tot die volgende in staat sal wees, in die vooruitsig:

- dink na oor en ondersoek ’n verskeidenheid strategieë om doeltreffender te leer;
- neem as verantwoordelike burgers aan die lewe van die plaaslike, nasionale en wêreldgemeenskap deel;
- is kultureel en esteties sensitief in verskeie sosiale kontekste;
- ondersoek opleidings- en beroepsmoontlikhede;
- ontwikkel entrepreneursgeleenthede.

Vraagstukke soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, ouderdom, gestremdheid en uitdagings soos MIV/vigs beïnvloed die graad waartoe en die manier waarop leerders aan skoling kan deelneem. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) volg ’n inklusiewe benadering deur minimum vereistes vir alle leerders te spesifiseer. Al die leerareaverklarings probeer om ’n bewustheid van die verband tussen sosiale geregtigheid, menseregte, ’n gesonde omgewing en inklusiwiteit te skep. Leerders word ook aangemoedig om kennis van en begrip vir die ryk diversiteit van hierdie land, insluitend die kulturele, godsdienstige en etniese komponente van hierdie diversiteit, te ontwikkel.

## Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerareaverklarings

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) bestaan uit ’n Oorsig en agt Leerarea-verklarings vir:

- Tale
- Wiskunde
- Natuurwetenskappe
- Tegnologie
- Sosiale Wetenskappe
- Kuns en Kultuur
- Lewensoriëntering
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Elke leerareaverklaring identifiseer die hoofleeruitkomste wat teen die einde van graad 9 bereik moet word. Elke leerareaverklaring spesifiseer ook die assesseringstandaarde wat dit moontlik sal maak om die leeruitkomste te bereik. Assesseringstandaarde word vir elke graad omskryf en beskryf die diepte en wydte van wat leerders behoort te weet en waartoe hulle in staat moet wees. Elke leerareaverklaring se assessering-standaarde toon hoe konseptuele en vaardigheidsontwikkeling oor tyd heen kan plaasvind. Assessering-standaarde kan sowel binne grade as oor grade heen geïntegreer word. Die bereiking van ’n optimale verhouding tussen integrasie oor leerareas heen (waar nodig en opvoedkundig korrek) en konseptuele progressie is sentraal tot hierdie kurrikulum.

## Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerprogramme

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring is gerig op die bevordering van sowel toewyding as bevoegdheid onder onderwysers, wat verantwoordelik vir die ontwikkeling van hul eie leerprogramme sal wees. Ten einde hierdie proses te steun sal die Departement van Onderwys beleidsriglyne wat op elke leerareaverklaring gebaseer is, verskaf. Provinsies sal, waar nodig, verdere riglyne ontwikkel ten einde voorsiening vir diversiteit te maak.

Die onderliggende beginsels en waardes van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring se leerarea-verklarings is ook onderliggend aan die leerprogramme. Terwyl die leerareas die begrippe, vaardighede en

waardes stipuleer wat per graad bereik moet word, spesifiseer leerprogramme die omvang van leer- en assesseringsaktiwiteite per fase. Leerprogramme bevat ook werkskedules wat die tempo en orde van hierdie aktiwiteite vir elke jaar verskaf, asook voorbeelde van lesplanne wat in enige gegewe tydperk geïmplementeer kan word.

In die Grondslagfase is daar drie leerprogramme: Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede. In die Intermediêre Fase is Tale en Wiskunde afsonderlike leerprogramme. Leerprogramme moet verseker dat die voorgeskrewe uitkomste vir elke leerarea doeltreffend en volledig gedek word. Skole kan, na aanleiding van hul organisatoriese vereistes, op die aantal en aard van ander leerprogramme besluit, mits die nasionale prioriteite en ontwikkelingsbehoeftes van leerders in 'n fase in ag geneem word. In die Senior Fase is daar agt leerprogramme gebaseer op die leerareaverklarings. Die tydstoekenning vir elke leerarea word vir alle grade en fases voorgeskryf.

## Tydstoekenning

Kragtens artikel 4 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (1998) sal die formele skooldag vir onderwysers sewe uur wees. Kragtens die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1996) is die formele onderrigtyd per skoolweek 35 uur. Dit word uiteengesit in:

(i) Oorsigdokument, ISBN 1-919917-68-30, bladsy 18 tot 20;

(ii) Staatskoerant, nr. 23406, vol. 443, Mei 2002, bladsy 26 en 27.

## Assessering

Elke leerareaverklaring bevat 'n omvattende afdeling oor assessering. 'n Uitkomsgebaseerde raamwerk gebruik assesseringsmetodes wat uiteenlopende kontekstuele faktore omvat. Assessering behoort doeltreffende aanduidings van leerderprestasie te verskaf en behoort te verseker dat leerders kennis en vaardighede integreer en toepas. Assessering behoort leerders ook te help om hul eie prestasievlak te evalueer, om doelwitte vir vordering te stel en om verdere leer aan te moedig.

## Die Soort Onderwyser wat in die Vooruitsig gestel word

Alle onderwysers en ander opvoeders lewer 'n kernbydrae tot die transformasie van onderwys in Suid-Afrika. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) stel onderwysers in die vooruitsig wat gekwalifiseer, bekwaam, toegewyd en deernisvol is. Hulle sal in staat wees om die verskeie rolle wat in die Norme en Standaarde vir Opvoeders beskryf word, te vervul. Hiervolgens word onderwysers as fasiliteerders van leer, vertolkers en ontwerpers van leerprogramme en leerstof, leiers, administrateurs en bestuurders, vakkundiges, navorsers en lewenslange leerders, gemeenskapslede, burgers en beraders, assessors en deskundiges van leerareas of leerfases beskou.

## Die Soort Leerder wat in die Vooruitsig gestel word

Die bevordering van waardes is nie slegs belangrik vir persoonlike ontwikkeling nie, maar ook om te verseker dat 'n nasionale Suid-Afrikaanse identiteit gebou word op waardes wat verskillend is van dié wat apartheidsonderwys onderlê het. Die soort leerder wat in die vooruitsig gestel word, is een wat met hierdie waardes besiel sal wees en wat in die belange van 'n samelewing gegrond op agting vir demokrasie, gelykheid, menswaardigheid, lewe en sosiale geregtigheid sal optree. Die kurrikulum stel in die vooruitsig 'n lewenslange leerder wat vrymoedig en onafhanklik, geletterd, gesyferd, veelvaardig en deernisvol is, met respek vir die omgewing en met die vermoë om as 'n kritiese en aktiewe burger aan die samelewing deel te neem.

# INLEIDING TOT DIE LEWENSORIËNTERING-LEERAREA

## Definisie

Die woord lewensoriëntering omvat die kern van wat hierdie leerarea wil bereik. Dit gee leiding aan leerders en berei hulle voor op die lewe en al sy moontlikhede. Lewensoriëntering rus leerders spesifiek toe vir ’n suksesvolle en sinvolle lewe in ’n snelveranderende samelewing.

Die Lewensoriëntering-leerarea is sentraal tot die holistiese ontwikkeling van leerders. Dit is gemoeid met leerders se sosiale, persoonlike, intellektuele, emosionele, geestelike en liggaamlike groei, en met die verband tussen hierdie fasette. Die fokus is die ontwikkeling van die self-in-die-samelewing. Die leerarea se visie van persoonlike groei vorm deel van die poging om ’n demokratiese samelewing, ’n produktiewe ekonomie en ’n verbeterde lewensgehalte te skep.

Die Lewensoriëntering-leerarea ontwikkel vaardighede, kennis, waardes en houdings wat leerders bemagtig om ingeligte besluite te neem en gepas op te tree ten opsigte van:

- gesondheidsbevordering;
- sosiale ontwikkeling;
- persoonlike ontwikkeling;
- liggaamlike ontwikkeling en beweging;
- oriëntering ten opsigte van die wêreld van werk.

Hierdie vyf fokusgebiede in die Lewensoriëntering-leerarea het almal betrekking op die mense- en omgewingsregte soos uiteengesit in die Grondwet.

## Doel

Die Lewensoriëntering-leerarea is daarop gerig om leerders te bemagtig om hul talente te gebruik om hul volle liggaamlike, geestelike, intellektuele, persoonlike, emosionele en sosiale potensiaal te verwesenlik. Leerders sal die vaardighede ontwikkel om positiewe interaksie te voer en ’n bydrae tot die gesin, familie, gemeenskap en samelewing te lewer, terwyl hulle die waardes vervat in die Grondwet uitleef. Hulle sal leer om hul grondwetlike regte en verantwoordelikhede te beoefen, om ander se regte te respekteer en om verdraagsaamheid vir kultuur- en geloofsdiversiteit te toon ten einde ’n demokratiese samelewing te bou.

Die Lewensoriëntering-leerarea sal leerders verder in staat stel om ingeligte, moreel verantwoordelike en verantwoordbare besluite oor hul gesondheid en die omgewing te neem. Leerders sal aangemoedig word om die nodige lewensvaardighede te verwerf en te beoefen om op uitdagings te reageer en om ’n aktiewe en verantwoordelike rol in die ekonomie en die samelewing te speel.

## Unieke Kenmerke en Omvang

Met sy fokus op die holistiese ontwikkeling van leerders, lewer die Lewensoriëntering-leerarea ’n unieke bydrae tot die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband. Dit:

- stel leerders in staat om ingeligte besluite aangaande *gesondheidsbevordering* op ’n persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsvlak te neem;
- stel leerders in staat om positiewe *sosiale verhoudings* te vorm en om hul grondwetlike regte en verantwoordelikhede te ken en uit te leef;
- bemagtig leerders om hul *persoonlike potensiaal* te verwesenlik en uit te brei ten einde ’n bydrae tot die samelewing te lewer en die uitdagings wat hul wêreld aan hulle stel, te hanteer en daarop te reageer;
- bevorder *liggaamlike ontwikkeling* as ’n integrale deel van sosiale, kognitiewe en emosionele ontwikkeling vanaf die vroeë kinderjare deur die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband;
- ontwikkel ’n *positiewe oriëntering tot studie en werk*, asook die vermoë om ingeligte besluite oor verdere studie en loopbane te neem.

## Self-in-die-samelewing

Die Lewensoriëntering-leerarea se leeruitkomste rus leerders toe om ’n produktiewe en sinvolle lewe in ’n veranderende samelewing te lei. Die fokus is die *ontwikkeling van die self-in-die-samelewing*. Die kenmerke van die huidige Suid-Afrika en die aard van die persoonlike uitdagings wat leerders in hierdie samelewing moet hanteer, bepaal die keuse van hierdie leerareaverklaring se inhoud.

Sosio-politieke verandering is ’n kenmerk van die Suid-Afrikaanse samelewing. Vooroordeel, dikwels in die vorm van rassisme, is steeds aanwesig in Suid-Afrika ná apartheid. Ten einde hierdie vooroordele te oorwin, moet dit erken en bevraagteken word. Daarbenewens belewe die land ook die uitdaging van sosio-ekonomiese ontwikkeling, wat ’n toenemend globale ekonomie, werkloosheid en omgewingsagteruitgang insluit.

Leerders lewe in ’n wêreld wat al hoe meer verskil van die wêreld wat hul ouers ken en wat, ten spyte van politieke verandering, steeds kompleks en uitdagend is. Misdaad en geweld affekteer bykans elke skool, gemeenskap en leerder. Omgewingsvraagstukke affekteer talle gemeenskappe se gesondheid en welsyn. Dit is binne hierdie konteks wat leerders ’n gevoel van selfvertroue en bekwaamheid moet ontwikkel ten einde ’n volle lewe te kan lei en ’n opbouende bydrae tot die vorming van ’n nuwe samelewing te kan lewer.

Die volgende vyf fokusgebiede vorm die leeruitkomste wat die leerder se ontwikkelingsbehoeftes in die samelewing dek:

## Gesondheidsbevordering

Baie sosiale en persoonlike probleme hou verband met keuses oor lewenswyse en hoërisikogedrag. Goeie gesondheidsgewoontes en ’n begrip van die verband tussen gesondheid en die omgewing kan leerders se lewensgehalte en welsyn verbeter. Die Lewensoriëntering-leerareaverklaring dek vraagstukke met betrekking tot voeding, siektes (insluitend MIV/vigs en seksueel oordraagbare siektes), veiligheid, geweld, mishandeling en omgewingsgesondheid.

## Sosiale ontwikkeling

Binne 'n veranderende en demokratiese samelewing behoort persoonlike ontwikkeling in 'n sosiale konteks geplaas te word ten einde die aanvaarding van diversiteit en 'n verbondenheid tot demokratiese waardes te ontwikkel. Diskriminasie op grond van ras, herkoms en geslag is steeds 'n uitdaging vir leerders in Suid-Afrika ná apartheid. Ten einde hierdie vraagstukke die hoof te bied, dek hierdie leerareaverklaring menseregte soos vervat in die Suid-Afrikaanse grondwet, sosiale verhoudings en diverse kulture en gelowe.

Die terme "godsdiens" en "geloof" word in die Lewensoriëntering-leerareaverklaring gebruik om geloofstelsels en wêreldbeskouinge in te sluit. Godsdiensonderrig in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad R-9 (Skole) berus op 'n verdeling van verantwoordelikhede tussen enersyds die staat en andersyds godsdienstige groepe en die ouerhuis. Godsdiensonderrig het dus 'n burgerlike eerder as 'n godsdienstige funksie en bevorderburgerregte en verantwoordelikhede. Binne die konteks van die Suid-Afrikaanse grondwet dra godsdiensonderrig tot die breër onderwysraamwerk by deur in elke leerder die nodige kennis, waardes, houdings en vaardighede te ontwikkel sodat diverse gelowe saam in 'n veelgelowige samelewing kan bestaan. Individue sal besef hulle is deel van 'n groter gemeenskap en sal leer om hul eie identiteit in harmonie met dié van ander te beskou.

## Persoonlike ontwikkeling

Persoonlike ontwikkeling is sentraal in die leerproses en dit rus leerders toe om 'n doeltreffende bydrae tot hul gemeenskap en die samelewing te lewer. Hierdie gebied fokus op die ontwikkeling van lewensvaardighede, emosionele ontwikkeling, selfbeeldvorming en selfbemagtiging.

## Liggaamlike ontwikkeling en beweging

Liggaamlike en motoriese ontwikkeling is 'n wesenlike deel van leerders se sosiale, persoonlike en emosionele ontwikkeling. Speel, beweging, speletjies en sport dra by tot die ontwikkeling van positiewe houdings en waardes. Hierdie gebied fokus op perseptueel-motoriese ontwikkeling, speletjies en sport, liggaamlike groei en ontwikkeling, en ontspanning en speel.

## Oriëntering ten opsigte van die wêreld van werk

Werk is 'n noodsaaklike deel van 'n sinvolle lewe. Alle leerders in die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband benodig 'n algemene oriëntering ten opsigte van werk en van verdere studie, ongeag of hulle na skool gaan werk of verder gaan studeer.

Aan die einde van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband moet leerders studie- en loopbaanbesluite neem wat hul toekoms gaan beïnvloed. Ten einde sodanige besluite te neem, benodig hulle inligting oor 'n wye verskeidenheid soorte werk. Hierdie gebied fokus op inligtingversameling oor loopbane, beplanningsvaardighede, selfkennis, algemene werk en verdere studie, en werketiek.

## Lewensoriëntering-leeruitkomste

Die vyf leeruitkomste vir die Lewensoriëntering-leerarea is:.

### Leeruitkoms 1: Gesondheidsbevordering

**Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid te neem.**

### Leeruitkoms 2: Sosiale Ontwikkeling

**Die leerder is in staat om begrip van en toewyding aan grondwetlike regte en sosiale verantwoordelikhede, asook begrip vir diverse kulture en gelowe te toon.**

### Leeruitkoms 3: Persoonlike Ontwikkeling

**Die leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei ten einde doeltreffend op uitdagings in sy of haar wêreld te reageer.**

### Leeruitkoms 4: Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging

**Die leerder is in staat om begrip te toon vir en deel te neem aan aktiwiteite wat beweging en liggaamlike ontwikkeling bevorder.**

### Leeruitkoms 5: Oriëntering ten opsigte van die Wêreld van Werk

**Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor verdere studie en beroepskeuses te neem.**

Die Grondslag- en Intermediêre Fase dek slegs die eerste vier leeruitkomste, terwyl die Senior Fase al vyf leeruitkomste insluit.

# HOOFSTUK 2
# GRONDSLAGFASE
# (Graad R-3)

## LEERUITKOMSTE

### Leeruitkoms 1: Gesondheidsbevordering

**Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid te neem.**

Die Grondslagfase-leerder word blootgestel aan aansteeklike kindersiektes. Dit is dus nodig dat die leerder kennis moet dra van hierdie siektes, asook van MIV/vigs. Op hierdie ouderdom is die leerder weerloos teen mishandeling. Voorsorgmaatreëls wat spesifiek van toepassing op die leerder in hierdie fase is, moet behandel word.

### Leeruitkoms 2: Sosiale Ontwikkeling

**Die leerder is in staat om begrip van en toewyding aan grondwetlike regte en sosiale verantwoordelikhede, asook begrip vir diverse kulture en gelowe te toon.**

In die Grondslagfase behoort die leerder regte en verantwoordelikhede, soos in die Suid-Afrikaanse grondwet gewaarborg, te ken en uit te oefen. Die leerder moet aangemoedig word om onbillike diskriminasie te herken en teen te staan. Sosialisering behoort die vorming van hegte bande met die gesin, familie, maats, skool en die plaaslike gemeenskap in te sluit. Kennis van verskillende gelowe sal tot ’n nie-diskriminerende houding bydra ten einde vooroordeel te beveg en te voorkom.

### Leeruitkoms 3: Persoonlike Ontwikkeling

**Die leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei ten einde doeltreffend op uitdagings in sy of haar wêreld te reageer.**

Die selfbeeld van die Grondslagfase-leerder is in ’n vroeë ontwikkelingstadium. Die leerder het reeds sekere houdings en oortuigings ten opsigte van eiewaarde; dit is gegrond op die leerder se ervarings. Dit is belangrik om die leerder geleentheid te gee om ’n positiewe selfbeeld te vorm en om gevoelens te ondersoek en uit te druk. Die leerder het hulp nodig om by die skoolomgewing aan te pas.

## Leeruitkoms 4: Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging

**Die leerder is in staat om begrip te toon vir en deel te neem aan aktiwiteite wat beweging en liggaamlike ontwikkeling bevorder.**

Die leerder in die Grondslagfase begin skool met talle vormende vaardighede ten opsigte van motoriese beheer, liggaamsbewustheid en perseptueel-motoriese ontwikkeling. Die leerder se affektiewe en sosiale response is gewoonlik egosentries. Deur ontdekking moet die leerder die nodige vaardighede vir elk van die ontwikkelingsaspekte ontwikkel. Deur die gebruik van ’n verskeidenheid funksionele bewegings ontwikkel die leerder ’n bewustheid van die liggaam en hoe om op uitdagende, ondersoekende en probleemoplossende maniere te beweeg.

## ASSESSERINGSTANDAARDE

Die assesseringstandaarde vir die leeruitkomste in die Grondslagfase verskyn op die volgende bladsye. Onderwysers moet onthou dat nie alle leerders graad R bygewoon het nie. Begrippe, vaardighede en strategieë vir graad R moet dus in graad 1 onderrig en vasgelê word.

## Graad R

### Leeruitkoms 1

**GESONDHEIDSBEVORDERING**

**Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid te neem.**

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verduidelik waarom dit belangrik is om slegs skoon water te drink en vars kos te eet.
- Verduidelik stappe wat gedoen kan word om persoonlike higiëne te verseker.
- Demonstreer voorsorgmaatreëls teen die verspreiding van aansteeklike siektes.
- Verduidelik veiligheid by die huis en by die skool.
- Verduidelik kinders se reg om "nee" vir seksuele mishandeling te sê, en beskryf maniere om dit te doen.

# Graad R

## Leeruitkoms 2

### SOSIALE ONTWIKKELING

**Die leerder is in staat om begrip van en toewyding aan grondwetlike regte en sosiale verantwoordelikhede, asook begrip vir diverse kulture en gelowe te toon.**

## Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer basiese regte en verantwoordelikhede in die klaskamer.
- Herken die Suid-Afrikaanse vlag.
- Ken lede van eie gesin, familie, maats en versorgers.
- Luister na 'n storie met 'n morele waarde uit eie kultuur en vertel dit oor.
- Identifiseer name en simbole met betrekking tot eie geloof.

# Graad R

## Leeruitkoms 3

**PERSOONLIKE ONTWIKKELING**

**Die leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei ten einde doeltreffend op uitdagings in sy of haar wêreld te reageer.**

## Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Sê eie naam en adres.
- Beskryf wat eie liggaam kan doen.
- Gee uitdrukking aan gevoelens sonder om self, ander en eiendom skade aan te doen.
- Pas by klasroetine aan en volg instruksies.

## Graad R

### Leeruitkoms 4

### LIGGAAMLIKE ONTWIKKELING EN BEWEGING

**Die leerder is in staat om begrip te toon vir en deel te neem aan aktiwiteite wat beweging en liggaamlike ontwikkeling bevorder.**

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Speel hardloop-, jaag- en koesspeletjies deur ruimte veilig te gebruik.
- Ondersoek verskillende maniere om te beweeg, in die rondte te draai, te lig en te balanseer.
- Voer ekspressiewe bewegings uit deur verskillende liggaamsdele te gebruik.
- Neem deel aan vryespelaktiwiteite.

## Graad 1

### Leeruitkoms 1

**GESONDHEIDSBEVORDERING**

**Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid te neem.**

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer voedsame keuses uit 'n verskeidenheid algemeen beskikbare soorte kos en drank.
- Verduidelik stappe om persoonlike higiëne te verseker en bring hierdie stappe in verband met omgewingsgesondheid.
- Onderskei tussen situasies wat veilig is en dié wat voorsorgmaatreëls teen aansteeklike siektes benodig.
- Identifiseer gevare en gepaste voorsorgmaatreëls op die roete skool toe.
- Herken situasies waarin seksuele mishandeling kan voorkom of wat daartoe kan lei, en noem 'n persoon aan wie dit gerapporteer kan word.

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Beskryf bronne van suiwer en onsuiwer water en eenvoudige metodes om water te suiwer.
- Stel maniere voor om die huis- en skoolomgewing veiliger te maak en ondersoek dit.
- Identifiseer aansteeklike siektes en verduidelik metodes om self en ander te beskerm.
- Identifiseer padtekens wat van toepassing op voetgangers is en verduidelik die betekenis daarvan.

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Vergelyk gesonde en swak eetgewoontes en beskryf die uitwerking van sodanige gewoontes op persoonlike gesondheid.
- Neem deel aan ’n herwinningsprojek en verduidelik hoe herwinning tot omgewingsgesondheid bydra.
- Bespreek onwaarhede oor aansteeklike siektes, asook die oorsake en voorkoming van aansteeklike siektes.
- Identifiseer toepaslike persone en hul kontakbesonderhede aan wie gevalle van ongelukke, mishandeling, misdaad, brand, siekte en besering gerapporteer kan word.

## Graad 1

### Leeruitkoms 2

**SOSIALE ONTWIKKELING**

**Die leerder is in staat om begrip van en toewyding aan grondwetlike regte en sosiale verantwoordelikhede, asook begrip vir diverse kulture en gelowe te toon.**

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Stel klasreëls op en verduidelik skoolreëls en waarom dit nagekom moet word.
- Identifiseer en teken die Suid-Afrikaanse vlag en kleur dit in.
- Verduidelik verhoudings met gesins- en familielede, die uitgebreide familie, die skool en die groter gemeenskap.
- Orden prente uit stories met 'n morele waarde uit 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse kulture, asook uit eie kultuur.
- Pas simbole verbonde aan verskeie gelowe in Suid-Afrika by die gelowe.

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Bespreek kinders se regte en verantwoordelikhede en neem deel aan 'n klasstemming.
- Identifiseer nasionale simbole en sing die volkslied.
- Noem eienskappe van 'n goeie maat en gee redes.
- Identifiseer waardes en morele oortuigings uit 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse kulture.
- Beskryf belangrike dae in verskillende gelowe.

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verduidelik leierseienskappe in die skoolkonteks en neem deel aan 'n skoolstemming.
- Verduidelik die betekenis van en sing die Suid-Afrikaanse volkslied.
- Bespreek die rol wat aanvaarding, om te gee, vergifnis en om te deel in gesonde sosiale verhoudings speel.
- Vertel stories oor vroulike en manlike rolmodelle uit 'n verskeidenheid plaaslike kulture.
- Bespreek dieet, kleredrag en versierings in 'n verskeidenheid gelowe in Suid-Afrika.

## Graad 1

### Leeruitkoms 3

**PERSOONLIKE ONTWIKKELING**

**Die leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei ten einde doeltreffend op uitdagings in sy of haar wêreld te reageer.**

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verskaf persoonlike besonderhede.
- Beskryf eie liggaam op 'n positiewe manier.
- Toon en identifiseer verskillende gevoelens, insluitend respek vir lewende dinge.
- Hanteer woede en onenigheid op 'n nie-afbrekende manier.
- Hanteer die veranderde omgewing van die klas en skool.

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer eie positiewe aspekte.
- Beskryf wat om te doen om jou eie liggaam goed op te pas.
- Toon en bespreek gevoelens in verskillende situasies.
- Toon gepaste gedrag in konfliksituasies.
- Toon gepaste gedrag en groepwerkvaardighede in die klas.

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Beskryf eie vermoëns, belangstellings en sterk punte.
- Verduidelik waarom eie liggaam gerespekteer moet word.
- Verduidelik hoe sy of hy uitdagende gevoelens hanteer, insluitend die hantering van mense wat met siekte lewe.
- Laat geld hom- of haarself gepas vir ’n situasie.
- Identifiseer groepwerkvaardighede en pas dit konsekwent toe.

# Graad 1

## Leeruitkoms 4

### LIGGAAMLIKE ONTWIKKELING EN BEWEGING

**Die leerder is in staat om begrip te toon vir en deel te neem aan aktiwiteite wat beweging en liggaamlike ontwikkeling bevorder.**

## Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Demonstreer maniere om ’n bal of iets soortgelyks te gooi, slaan, rol, bons, vang en te beweeg.
- Gebruik ’n kombinasie van liggaamsdele om met of sonder apparaat te beweeg, in die rondte te draai, te lig en te balanseer.
- Reageer op ’n verskeidenheid stimuli en gee uitdrukking aan verskillende gemoedstemmings en gevoelens deur beweging.
- Neem deel aan vryespelaktiwiteite deur ’n verskeidenheid soorte apparaat te gebruik.

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Neem individueel en saam met 'n maat deel aan verskeie inheemse buitelugspeletjies met eenvoudige reëls.
- Neem deel aan aktiwiteite om kontrole, koördinasie en balans in basiese lokomotoriese, lig- en draaivaardighede te ontwikkel – met apparaat.
- Voer ekspressiewe bewegings of patrone ritmies uit deur verskeie stimuli te gebruik.
- Neem deel aan gestruktureerde aktiwiteite deur apparaat te gebruik.

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Toon 'n verskeidenheid perseptueel-motoriese vaardighede, in pare en in spanne, deur eenvoudige reëls te gebruik.
- Voer basiese bewegings in volgorde en met herhaling uit, met en sonder toerusting.
- Ondersoek ekspressiewe bewegings deur kontraste van spoed, rigting, liggaamsvorm en posisie te gebruik.
- Neem deel aan spel en beskryf die uitwerking daarvan op die liggaam.

# HOOFSTUK 3
# INTERMEDIÊRE FASE
# (Graad 4-6)

## LEERUITKOMSTE

### Leeruitkoms 1: Gesondheidsbevordering

**Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid te neem.**

In die Intermediêre Fase ontwikkel die leerder verdere ondersoekvaardighede. Aspekte omtrent gesondheid en veiligheid word dus uitgebrei om dwelmmisbruik in te sluit. Op hierdie ouderdom raak die leerder toenemend bewus van sy of haar eie seksualiteit. Die leerder moet gevolglik op ’n sensitiewe en sorgsame wyse gelei word en terselfdertyd bedag op die meegaande gevare gemaak word.

### Leeruitkoms 2: Sosiale Ontwikkeling

**Die leerder is in staat om begrip van en toewyding aan grondwetlike regte en sosiale verantwoordelikhede, asook begrip vir diverse kulture en gelowe te toon.**

In die Intermediêre Fase brei die leerder se sosiale vaardighede uit. Dit raak nodig dat die leerder regte en verantwoordelikhede, soos uiteengesit in die Suid-Afrikaanse grondwet, verstaan. Die leerder behoort ’n positiewe houding teenoor en begrip van diverse kulture en gelowe te ontwikkel. Die leerder behoort in staat te wees om kennis en vaardighede toe te pas om op diskriminasie te reageer.

### Leeruitkoms 3: Persoonlike Ontwikkeling

**Die leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei ten einde doeltreffend op uitdagings in sy of haar wêreld te reageer.**

Die leerder is steeds in die proses van selfbeeldontwikkeling en benodig geleentheid om ’n positiewe selfbeeld te ontwikkel. Die leerder maak staat op terugvoering, aanvaarding en positiewe inset deur ander. Die leerder het dit nodig om sowel sukses as geleenthede om belangstellings en potensiaal te ontwikkel, te ervaar. Verhoudings met maats is toenemend belangrik aangesien die leerder haar- of homself met ander vergelyk. Algaande die ontwikkeling na puberteit plaasvind, moet die leerder bygestaan word om ’n groter verskeidenheid lewensvaardighede te ontwikkel.

## Leeruitkoms 4: Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging

**Die leerder is in staat om begrip te toon vir en deel te neem aan aktiwiteite wat beweging en liggaamlike ontwikkeling bevorder.**

In die Intermediêre fase ontwikkel die leerder 'n groter liggaamsbewustheid en verbeterde liggaamsbeheer met selfvertroue en bevoegdheid. Die bemeestering van bewegingsvaardighede en liggaamsbeheer dien as basis vir deelname aan algemene bewegingsaktiwiteite en sport. Sosiale vaardighede raak belangriker algaande die leerder belangstelling in spanaktiwiteite ontwikkel en uitbrei om samewerking en leiersvaardighede in te sluit.

## ASSESSERINGSTANDAARDE

Die assesseringstandaarde vir die leeruitkomste in die Intermediêre Fase verskyn op die volgende bladsye.

## Graad 4

### Leeruitkoms 1

**GESONDHEIDSBEVORDERING**

**Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid te neem.**

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ondersoek spyskaarte uit verskillende kulture en stel planne vir gesonde maaltye voor.
- Ondersoek en doen verslag oor die verhouding tussen ’n gesonde omgewing en persoonlike gesondheid.
- Verduidelik kinders se regte en verantwoordelikhede ten opsigte van gesondheid en stel maniere voor om dit in ’n bekende situasie toe te pas.
- Noem en verduidelik verkeersreëls wat van toepassing op padgebruikers is.

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ondersoek en doen verslag oor maniere om die gehalte van kos en water in verskeie kontekste te bewaar.
- Ondersoek 'n plaaslike omgewingsgesondheids-probleem deur verskillende databronne te gebruik en beplan 'n strategie om die probleem die hoof te bied.
- Herken die simptome en oorsake van siektes wat plaaslik voorkom en bespreek strategieë om dit te voorkom.
- Verduidelik die uitwerking van dwelmmisbruik op 'n individu se gesondheid en sosiale verhoudings.

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Vertolk voedseletikette en bespreek die uitwerking van genoemde bestanddele op die gesondheid krities.
- Neem deel aan 'n probleemoplossingsaktiwiteit om 'n omgewingsgesondheidsprobleem die hoof te bied ten einde keuses en optrede wat gesond vir die omgewing is, te formuleer.
- Verduidelik oorsake van aansteeklike en oordraagbare siektes (ook MIV/vigs) en beskikbare geneesmiddels daarvoor, en evalueer voorkomende strategieë met betrekking tot gemeenskapsnorme en persoonlike waardes.
- Identifiseer verskillende vorme van misbruik en stel strategieë voor om dit te hanteer.

## Graad 4

### Leeruitkoms 2

**SOSIALE ONTWIKKELING**

**Die leerder is in staat om begrip van en toewyding aan grondwetlike regte en sosiale verantwoordelikhede, asook begrip vir diverse kulture en gelowe te toon.**

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Bespreek kinders se regte en verantwoordelikhede soos uiteengesit in die Suid-Afrikaanse grondwet.
- Identifiseer en verduidelik stereotipes, diskriminasie en partydigheid.
- Vergelyk die verhouding tussen ouer mense en kinders in 'n verskeidenheid situasies in verskillende kulturele kontekste.
- Lewer kommentaar op die morele les in die vertellinge van 'n verskeidenheid kultuurgroepe in Suid-Afrika.
- Bespreek belangrike plekke en geboue in 'n verskeidenheid gelowe.

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Pas kinders se regte en verantwoordelikhede op 'n verskeidenheid probleemsituasies toe.
- Bespreek gevalle van stereotipering, diskriminasie en partydigheid en stel 'n plan voor om dit in die plaaslike konteks te hanteer.
- Bespreek die belangrikheid van maats ten tyde van tragedie en verandering.
- Bespreek vroue en mans se bydrae in 'n verskeidenheid kulturele kontekste.
- Bespreek feesdae en gebruike in 'n verskeidenheid gelowe in Suid-Afrika.

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Dink na oor eie toepassing van kinderregte soos uiteengesit in die Suid-Afrikaanse grondwet.
- Bespreek en evalueer die belangrikheid van 'n nasiebouprogram wat met 'n nasionale dag gepaardgaan.
- Bespreek die uitwerking van geslagstereotipering, seksisme en mishandeling op persoonlike en sosiale verhoudings.
- Vertolk die betekenis en persoonlike en sosiale belangrikheid van belangrike stadiums in die individu se lewe in 'n verskeidenheid kulture.
- Bespreek menswaardigheid in 'n verskeidenheid gelowe in Suid-Afrika.

# Graad 4

## Leeruitkoms 3

### PERSOONLIKE ONTWIKKELING

**Die leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei ten einde doeltreffend op uitdagings in sy of haar wêreld te reageer.**

## Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer eie sterk punte en dié van ander en verduidelik hoe om minder suksesvolle ervarings na positiewe leerervarings om te skakel.
- Verduidelik waarom ander mense se liggame gerespekteer moet word.
- Dink na oor en interpreteer ander se gevoelens.
- Toon die vermoë om nuttige response in konfliksituasies te kies en toe te pas.
- Besin oor en leer uit eie ervaring van groepwerk.
- Pas gepaste studievaardighede toe.

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer persoonlike suksesse en ontwikkel 'n aksieplan vir die voortgesette vorming van 'n positiewe selfbeeld.
- Toon begrip van en respek vir liggaamlike veranderinge.
- Gee op 'n gepaste manier uitdrukking aan en hanteer 'n verskeidenheid gevoelens.
- Ondersoek en evalueer maniere om doeltreffend op gewelddadige situasies en kontekste te reageer.
- Besin oor hoe terugvoering gegee en ontvang kan word.
- Ontwikkel en implementeer 'n persoonlike studiemetode.

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Dink na oor eie vermoëns, aanleg, belangstellings en sterk punte, asook selfbeeld.
- Verduidelik hoe om in verskillende situasies op groepdruk te reageer.
- Toon deernis deur vir mense en diere om te gee.
- Toon die vaardigheid om in verskillende konfliksituasies die vrede te behou en as bemiddelaar op tree.
- Verduidelik wat geleer is deur oor eie ervaring met betrekking tot selfbestuursvaardighede na te dink.
- Beskryf en kies 'n verskeidenheid probleem-oplossingsvaardighede vir verskillende kontekste.

## Graad 4

### Leeruitkoms 4

### LIGGAAMLIKE ONTWIKKELING EN BEWEGING

**Die leerder is in staat om begrip te toon vir en deel te neem aan aktiwiteite wat beweging en liggaamlike ontwikkeling bevorder.**

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Neem deel aan 'n verskeidenheid eenvoudige invalspeletjies.
- Toon verskillende maniere om te beweeg, in die rondte te draai, te lig en te balanseer deur verskillende liggaamsdele met beheer te gebruik.
- Toon basiese veld- en baanatletiektegnieke.
- Voer ritmiese bewegings uit met 'n bewustheid van liggaamshouding.
- Identifiseer gevare en verantwoordelike veiligheidsmaatreëls in en naby water.

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ondersoek ’n verskeidenheid teikenspeletjies.
- Voer bewegingsreekse (-sekwensies) wat konsekwentheid en beheer vereis, in vloeiende en volgehoue kombinasies uit.
- Toon ’n verskeidenheid veld- en baanatletiektegnieke.
- Voer ritmiese bewegings en stappe met aandag aan liggaamshouding en -styl uit.
- Toon kennis van veiligheidsmaatreëls in en naby water.

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Pas toepaslike begrippe in ’n verskeidenheid slaan- en veldwerkspeletjies toe.
- Demonstreer verfynde bewegingsreekse (-sekwensies) waarin verandering van vorm, spoed en rigting deur gimnastiese aksies beklemtoon word.
- Neem deel aan ’n fiksheidsprogram wat ontwerp is om spesifieke aspekte van fiksheid te ontwikkel.
- Voer ritmiese bewegingspatrone met koördinasie en beheer uit.
- Pas basiese noodhulp in verskillende situasies toe.

# HOOFSTUK 4
# SENIOR FASE
# (Graad 7-9)

## LEERUITKOMSTE

### Leeruitkoms 1: Gesondheidsbevordering

**Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid te neem.**

In die Senior Fase word die leerder blootgestel aan 'n groter verskeidenheid gevaarlike situasies. Die gesondheids- en veiligheidskwessies wat hy of sy teëkom, word steeds deur die liggaamlike en die sosio-ekonomiese omgewing beïnvloed. Die leerder moet die vaardighede verwerf om ingeligte keuses te maak. Die leerder moet 'n gesonde lewenstyl ontwikkel wat op omgewingsbewustheid en 'n bewustheid van ander gesondheids- en veiligheidskwessies gegrond is. Lewenstylkeuses wat verband hou met seksualiteit, is noodsaaklik op hierdie ouderdom en behoort sensitief hanteer te word.

### Leeruitkoms 2: Sosiale Ontwikkeling

**Die leerder is in staat om begrip van en toewyding aan grondwetlike regte en sosiale verantwoordelikhede, asook begrip vir diverse kulture en gelowe te toon.**

Tydens die Senior Fase word die leerder toenemend deur maats beïnvloed, terwyl die gesin en familie steeds 'n belangrike rol speel. Die leerder is betrokke by 'n verskeidenheid sosiale bedrywighede en behoort aangemoedig te word om aan burgerlike en menseregteprogramme deel te neem. Kennis van diverse kulture en gelowe sal ook tot die leerder se eie oriëntering in die wêreld bydra en die neem van ingeligte besluite oor menseregte, sosiale verhoudings en morele vraagstukke moontlik maak.

### Leeruitkoms 3: Persoonlike Ontwikkeling

**Die leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei ten einde doeltreffend op uitdagings in sy of haar wêreld te reageer.**

Adolessensie word deur emosionele en liggaamlike verandering gekenmerk. Die leerder behoort voort te gaan met die vorming van 'n positiewe selfbeeld. Aanvaarding deur die portuurgroep is steeds baie belangrik. Die leerder het geleentheid nodig om verdere lewensvaardighede te ontwikkel. Dit is nodig om emosionele intelligensie te ontwikkel ten einde die leerder te bemagtig om uitdagings te hanteer.

## Leeruitkoms 4: Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging

**Die leerder is in staat om begrip te toon vir en deel te neem aan aktiwiteite wat beweging en liggaamlike ontwikkeling bevorder.**

Die Senior Fase-leerder betree adolessensie en ervaar liggaamlike veranderings. Die verfyning van bewegings is daarop gerig om presisie en ratsheid te ontwikkel. Dit moet in verskillende situasies beklemtoon word. Lewenslange deelname aan liggaamlike aktiwiteite wat fiksheid bevorder, behoort aangemoedig te word.

## Leeruitkoms 5: Oriëntering ten opsigte van die Wêreld van Werk

**Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor verdere studie en beroepskeuses te neem.**

Terwyl studievaardighede en werksetiek aandag in die vroeëre fases ontvang, moet die leerder in die Senior Fase keuses vir verdere studie en die wêreld van werk maak. Ten einde dit suksesvol te bereik moet die leerder 'n realistiese begrip van eie belangstellings, vermoëns en aanleg hê. Die leerder moet kennis dra van verskillende beroepsmoontlikhede en die implikasies van keuses. Die leerder benodig inligting omtrent 'n verskeidenheid moontlikhede vir verdere studie, asook oriëntering ten opsigte van die beroepswêreld.

## ASSESSERINGSTANDAARDE

Die assesseringstandaarde vir die leeruitkomste in die Senior Fase verskyn op die volgende bladsye.

## Graad 7

### Leeruitkoms 1

### Assesseringstandaarde

**GESONDHEIDSBEVORDERING**

**Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid te neem.**

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Stel maniere voor om die voedingswaarde van eie persoonlike dieet te verbeter.
- Evalueer optrede om 'n omgewingsgesondheids-probleem te hanteer.
- Beskryf strategieë om met siektes, insluitend MIV/vigs, saam te leef.
- Bespreek die persoonlike gevoelens, gemeenskaps-norme, waardes en sosiale druk wat met seksualiteit gepaardgaan.

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Beplan ’n aksie waarin wette en/of beleid vir die beskerming van omgewingsgesondheid toegepas word om ’n omgewingsgesondheidsvraagstuk te hanteer.
- Ontleed die oorsake van algemene siektes met betrekking tot sosio-ekonomiese en omgewingsfaktore krities.
- Beskryf wat ’n gesonde lewenstyl in eie persoonlike situasie is, as ’n manier om siekte te voorkom.
- Toon ingeligte, verantwoordelike besluitneming oor gesondheid en veiligheid.
- Ondersoek ’n gesondheids- en veiligheidsvraagstuk met betrekking tot geweld, en stel alternatiewe en teenstrategieë vir geweld voor.

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Illustreer en evalueer die invloed van ekologiese, sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke faktore op eie persoonlike keuse van dieet.
- Ontwikkel en implementeer ’n omgewingsgesondheidsprogram.
- Ondersoek persoonlike en sosiale faktore wat tot dwelmmisbruik bydra en stel gepaste reaksies en moontlikhede vir rehabilitasie voor.
- Evalueer hulpbronne oor gesondheidsinligting, gesondheidsdienste en ’n verskeidenheid moontlikhede vir behandeling, insluitend MIV/vigs, krities.
- Bespreek maniere om insigte wat as gevolg van deelname aan ’n aktiwiteit met betrekking tot nasionale gesondheids- of ’n veiligheidsbevorderingsprogram verwerf is, toe te pas.

# Graad 7

## Leeruitkoms 2

### SOSIALE ONTWIKKELING

**Die leerder is in staat om begrip van en toewyding aan grondwetlike regte en sosiale verantwoordelikhede, asook begrip vir diverse kulture en gelowe te toon.**

## Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Bespreek die toepassing van menseregte soos beskryf in die Suid-Afrikaanse grondwet.
- Verduidelik hoe om geslagstereotipering en seksisme teen te werk.
- Bespreek die belangrikheid van vrywilliger-organisasies.
- Verduidelik hoe die erkenning van diverse kulture die Suid-Afrikaanse samelewing kan verryk.
- Verduidelik die rol van die mondelinge tradisie en van geskrifte in 'n verskeidenheid wêreldgelowe.

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Bespreek die skending van menseregte en beplan teenstrategieë.
- Verduidelik hoe om demokratiese prosesse te gebruik om ’n plaaslike probleem te hanteer.
- Bespreek hoe die leerder nasiebou in verskillende kontekste kan bevorder.
- Evalueer veranderinge in kultuurnorme en -waardes ten opsigte van persoonlike en gemeenskapsake krities.
- Bespreek organisasies in verskillende gelowe se bydraes tot sosiale ontwikkeling.

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Debatteer vraagstukke met betrekking tot burgerregte en persoonlike keuses.
- Doen verslag oor deelname aan of die beplanning van die plaaslike viering van ’n nasionale dag.
- Bespreek sosiale verhoudings in ’n verskeidenheid situasies krities.
- Ondersoek kwessies van diversiteit in Suid-Afrika en maniere om begrip van diverse kulture te bevorder, krities.
- Dink na oor en bespreek verskeie gelowe se bydraes tot die bevordering van vrede.

# Graad 7

## Leeruitkoms 3

## Assesseringstandaarde

### PERSOONLIKE ONTWIKKELING

**Die leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei ten einde doeltreffend op uitdagings in sy of haar wêreld te reageer.**

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Doen verslag oor die implementering van strategieë om eie en ander se selfbeeld deur positiewe optrede te bevorder.
- Evalueer media- en ander invloede op persoonlike lewenstylkeuses en stel gepaste reaksies voor.
- Verduidelik en evalueer eie hantering van emosies en eie reaksie op verandering.
- Toon bewyse van respek vir ander en die vermoë om op ’n opbouende manier te verskil.
- Toon besluitnemingsvaardighede en besin daaroor.
- Evalueer eie strategieë vir studievaardighede krities.

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontleed en bespreek faktore wat selfbeeldvorming en selfmotivering beïnvloed.
- Besin oor gepaste gedrag in verskillende soorte interpersoonlike verhoudings.
- Verduidelik hoe sy of hy depressie, 'n krisis of trauma sal hanteer.
- Bespreek gepaste maniere om verhoudings te begin, te behou en te beëindig.
- Ontwerp en implementeer 'n persoonlike plan vir die voorkoming en hantering van stres.
- Stel 'n aksieplan op om probleemoplossings-vaardighede in 'n persoonlike konteks toe te pas.

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontleed en besin oor positiewe persoonlike eienskappe in 'n verskeidenheid kontekste.
- Bespreek eie regte en verantwoordelikhede in interpersoonlike verhoudings krities.
- Reageer gepas op emosies in uitdagende situasies.
- Verduidelik wat uit 'n uitdagende persoonlike interaksie geleer is deur krities oor eie optrede te besin.
- Pas doelwitstelling- en besluitnemingstrategieë toe.
- Evalueer eie toepassing van probleemoplossings-vaardighede in 'n uitdagende situasie krities.

# Graad 7

## Leeruitkoms 4

### LIGGAAMLIKE ONTWIKKELING EN BEWEGING

**Die leerder is in staat om begrip te toon vir en deel te neem aan aktiwiteite wat beweging en liggaamlike ontwikkeling bevorder.**

## Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Neem deel aan 'n buitelugavontuurprogram deur oriëntering in verskillende omgewings.
- Voer 'n reeks liggaamlike aktiwiteite uit, insluitend draai-, lig- en balanseerbewegings.
- Neem deel aan en doen verslag oor 'n fiksheidsprogram.
- Ontwerp en speel 'n speletjie wat die begrip van inval insluit.
- Ondersoek regverdige spel in 'n verskeidenheid atletiek- en sportaktiwiteite.

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Beplan en neem deel aan 'n buitelug-avontuuraktiwiteit wat op ontspanning gerig is.
- Beplan en implementeer 'n program om draai-, lig- en balanseertegnieke te verbeter.
- Neem deel aan fiksheidsprogramme en teken vordering aan.
- Ontwerp en speel teikenspeletjies.
- Ondersoek en doen verslag oor geslagsgelykheidskwessies in 'n verskeidenheid atletiek- en sportaktiwiteite.

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Neem deel aan en evalueer eie optrede in 'n buitelugavontuuraktiwiteit wat op ontspanning gerig is.
- Verfyn en evalueer eie en klasmaats se uitvoer van bewegings, insluitend draai-, lig- en balanseerbewegings.
- Assesseer eie liggaamlike standaard en stel persoonlike doelwitte vir verbetering.
- Evalueer 'n spelplan vir individuele of spanspel krities en voer dit uit.
- Doen verslag oor en bespreek sportetiek.

# Graad 7

## Leeruitkoms 5

### ORIËNTERING TEN OPSIGTE VAN DIE WÊRELD VAN WERK

**Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor verdere studie en beroepskeuses te neem.**

## Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Bespreek belangstellings en vermoëns met betrekking tot beroeps- en studiegeleenthede.
- Verduidelik die waarde en belangrikheid van werk in die verwesenliking van persoonlike potensiaal.
- Identifiseer dienste en hulpbronne vir inligting oor beroepe en studie.
- Doen verslag oor ’n werklike of gesimuleerde aktiwiteit wat verband hou met beroepe.
- Toon tydbestuursvaardighede en aanspreeklikheid in die uitvoer van verantwoordelikhede.

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer en bespreek beroeps- en studiekeuses en die meegaande vereistes.
- Ondersoek beroeps- en studiegeleenthede met betrekking tot eie belangstellings en vermoëns.
- Evalueer eie vermoëns en belangstellings met betrekking tot beroeps- en studiekeuses.
- Bespreek die rol van werk met betrekking tot behoeftes in Suid-Afrika.
- Evalueer 'n verskeidenheid verskaffers van verdere onderwys en opleiding.

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Doen navorsing oor verskaffers van studie- en beroepsbefondsing.
- Motiveer eie beroeps- en studiekeuses.
- Besin krities en doen verslag oor geleenthede in die werkplek.
- Bespreek regte en verantwoordelikhede in die werkplek.
- Beskryf 'n plan vir eie lewenslange leer.

# HOOFSTUK 5
# LEERDERASSESSERING

## INLEIDING

Die assesseringsraamwerk vir die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) is op die beginsels van uitkomsgebaseerde onderwys gegrond. Assessering moet op die doeltreffendste wyse moontlik 'n aanduiding van leerderprestasie verskaf en moet verseker dat leerders kennis en vaardighede integreer en toepas. Assessering moet leerders ook help om hul eie prestasie te evalueer, om doelwitte vir vordering te stel en dit behoort verdere leer aan te moedig.

Ten einde die proses van leerderassessering te ondersteun, doen hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulum-verklaring die volgende:

- omskryf die leeruitkomste en die gepaardgaande assesseringstandaarde in elke leerarea en vir elke graad in die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband (graad R tot 9);
- kontekstualiseer die kritieke uitkomste en die ontwikkelingsuitkomste binne die leeruitkomste en assesseringstandaarde;
- plaas assesseringstandaarde sentraal in die assesseringsproses in elke graad. Assesseringstandaarde beskryf die vlak waarop leerders hul bereiking van die leeruitkoms(te) moet toon, asook die manier (diepte en breedte) waarop hulle hul prestasie moet toon.

Die volgende diagram illustreer die wisselwerking tussen die ontwerpselemente van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring:



## ASSESSERINGSBEGINSELS WAT IN UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS GEBRUIK WORD

### Definisie

Assessering in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad R-9 (Skole) is ’n deurlopende en beplande proses van inligtingversameling oor leerderprestasie soos teen die assesseringstandaarde van die leeruitkomste gemeet. Dit vereis duidelik gedefinieerde kriteria en ’n verskeidenheid gepaste strategieë om onderwysers in staat te stel om opbouende terugvoering aan leerders te gee en om aan ouers en ander belangstellendes verslag te doen.

### Kernelemente

Uitkomsgebaseerde onderwys is ’n manier van onderrig en leer wat duidelik maak wat daar van leerders verwag word om te behaal. Die beginsels waarvolgens dit werk, is dat die onderwyser voor onderrig plaasvind, bepaal en noem wat daar van leerders verwag word om te bereik. Dit is die onderwyser se taak om te onderrig ten einde leerders te help om aan die assesseringstandaarde in die kurrikulum te voldoen; die leerders se taak is om dit wat die assesseringstandaarde bepaal, te leer of te doen. Assessering is noodsaaklik in uitkomsgebaseerde onderwys, want dit is nodig om te assesseer wanneer ’n leerder dit wat in elke graad vereis word, bereik het.

Ten einde leerders te help om hul volle potensiaal te bereik, behoort assessering die volgende kenmerke te hê:

- deursigtig, demokraties, duidelik gefokus;
- geïntegreer met onderrig en leer;
- gebaseer op voorafbepaalde kriteria of standaarde;
- gevarieerd ten opsigte van metodes en kontekste;
- geldig, betroubaar, regverdig, bepaal volgens die tempo van die leerder en buigsaam genoeg om uitgebreide geleenthede te verseker.

### Doelstellings van Assessering

Die hoofdoel met die assessering van leerders is om hulle individueel te laat groei en ontwikkel, om leerders se vordering te monitor en om hul leer te fasiliteer. Ander gebruike van assessering sluit die volgende in:

- *grondlynassessering van vroeëre leer*
  Grondlynassessering word gewoonlik aan die begin van 'n graad of fase gebruik om vas te stel wat leerders reeds weet. Dit stel onderwysers in staat om leerprogramme en leeraktiwiteite te beplan.

- *diagnostiese assessering*
  Diagnostiese assessering word gebruik om vas te stel wat die aard en oorsaak van spesifieke leerders se leerstruikelblokke is. Dit word opgevolg deur gepaste strategieë vir ondersteuning of tussentrede.

- *formatiewe assessering*
  Formatiewe assessering monitor en ondersteun die leer- en onderrigproses en word gebruik om onderwysers en leerders oor 'n leerder se vordering in te lig ten einde leer te verbeter. Opbouende terugvoering word gegee om leerders in staat stel om te groei.

- *summatiewe assessering*
  Summatiewe assessering gee 'n geheelbeeld van 'n leerder se vordering op 'n gegewe tydstip, soos aan die einde van 'n kwartaal of jaar of wanneer 'n leerder na 'n ander skool gaan.

- *sistemiese assessering*
  Sistemiese assessering is 'n manier om die gepastheid van die onderwysstelsel te evalueer. Een komponent hiervan is die assessering van leerderprestasie ten opsigte van nasionale aanduiders. Sistemiese assessering word aan die einde van elke fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband uitgevoer. 'n Verteenwoordigende steekproef skole en leerders word provinsiaal of nasionaal vir sistemiese assessering gekies.

## DEURLOPENDE ASSESSERING

### Kenmerke van Deurlopende Assessering

Deurlopende assessering is die belangrikste metode waarvolgens assessering in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring plaasvind. Dit dek al die assesseringsbeginsels van uitkomsgebaseerde onderwys en verseker dat assessering aan die volgende vereistes voldoen:

- *vind oor 'n tydperk en voortdurend plaas:* Leer word gereeld geassesseer en rekords van leerders se vordering word regdeur die jaar bygehou.

- *ondersteun leerders se groei en ontwikkeling:* Leerders raak aktiewe deelnemers aan die leer- en assesseringsproses, verstaan die kriteria wat vir assesseringsaktiwiteite gebruik word, is betrokke by selfevaluering, stel hul eie individuele doelwitte, besin oor hul leerproses en ervaar sodoende 'n verbetering in hul selfbeeld.

- *verskaf terugvoering oor leer en onderrig:* Terugvoering is 'n kernelement in formatiewe assessering. Metodes van terugvoering sluit in: gepaste vraagstelling, mondelinge of skriftelike kommentaar deur die onderwyser wat fokus op dit wat deur 'n assesseringsaktiwiteit bereik moes word, en aanmoediging van leerders.

- *maak voorsiening vir geïntegreerde assessering:* Dit kan beteken dat etlike verwante leeruitkomste in 'n enkele aktiwiteit gebruik word en dat verskeie assesseringsmetodes gekombineer word. Bevoegdheid in spesifieke leeruitkomste kan op talle verskillende maniere getoon word; dus moet 'n verskeidenheid assesseringsmetodes en geleenthede waartydens leerders hul vermoë kan toon, gebruik en verskaf word.

- *gebruik strategieë wat vir 'n verskeidenheid leerderbehoeftes voorsiening maak (taal, fisiek, sielkundig, emosioneel en kultureel):* Deurlopende assessering gee onderwysers geleentheid om sensitief vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes te wees en om leerstruikelblokke met behulp van 'n buigsame benadering te oorkom. Leerders het almal hul eie leerstyl en leer teen hul eie tempo. Alle leerders hoef nie terselfdertyd en op dieselfde manier geassesseer te word nie.

- *maak voorsiening vir summatiewe assessering:* Die akkumulasie van die resultate van deurlopende assesseringsaktiwiteite verskaf ’n geheelbeeld van ’n leerder se vordering op ’n gegewe tydstip. Summatiewe assessering moet van die begin van die jaar sorgvuldig beplan word ten einde ’n verskeidenheid assesseringstrategieë in te sluit – byvoorbeeld oefeninge, take, projekte, skool- en klastoetse – wat aan leerders ’n verskeidenheid geleenthede sal verskaf om te wys wat hulle geleer het.

### Assesseringstrategieë

Die keuse van watter assesseringstrategieë om te gebruik, is subjektief en uniek aan elke onderwyser, graad en skool. Dit hang ook af van die onderwyser se professionele oordeel. Die beskikbaarheid van ruimte en hulpmiddels beïnvloed hierdie besluit, maar selfs wanneer eenderse hulpmiddels beskikbaar is, verskil die manier waarop onderwysers keuses maak.

Metodes wat vir assesseringsaktiwiteite gekies word, moet gepas wees vir die assesseringstandaarde wat geassesseer word. Al die betrokke leerders en onderwysers moet ook die doel van die assessering duidelik verstaan. Bevoegdheid kan op verskeie maniere getoon word. ’n Verskeidenheid metodes is dus nodig om aan leerders geleentheid te bied om hul vaardighede ten volle te demonstreer.

### Algemene Assesseringstake

Die doel van Algemene Assesseringstake is die volgende:
- verseker konsekwentheid in onderwyseroordele;
- bevorder die stel van algemene standaarde;
- versterk die kapasiteit vir skoolgebaseerde deurlopende assessering;
- verhoog die akkuraatheid van die assesseringsproses en -instrumente;
- verseker dat skoolgebaseerde assesseringstake bevoegdheid en prestasie behoorlik assesseer;
- verseker uitgebreide geleenthede vir leerders.

Algemene Assesseringstake word op provinsiale, distriks- of groeperingsvlak gestel. Dit word deur onderwysers geassesseer en ekstern gemodereer.

## DIE BESTUUR VAN ASSESSERING

### Mense betrokke by Assessering

Die skool en die onderwysers het die oorkoepelende verantwoordelikheid vir die assessering van leerders. Daar word van onderwysers verwag om ’n geldige, betroubare en geloofwaardige assesseringsproses te skep. Provinsiale beleid behoort die betrokkenheid van leerders, skoolassesseringspanne, distrikshulpdienste en ouers, soos gepas, te verseker.

### Skoolassesseringsprogram

Elke skool moet ’n assesseringsprogram gegrond op provinsiale en nasionale riglyne ontwikkel. Skole moet ’n skoolassesseringsplan en ’n span hê om die implementering van hierdie program te fasiliteer. Die span behoort verteenwoordigers uit elke fase en leerarea daarin te hê.

Om ’n professionele benadering tot leerderassessering te verseker, moet die skool se assesseringsprogram die

volgende duidelik uiteensit:
- die manier waarop deurlopende assessering beplan en geïmplementeer word;
- hoe rekordboeke/verslagboeke gehou moet word en die toeganklikheid en sekuriteit daarvan;
- die assesseringskodes wat deur die provinsie bepaal is;
- interne verifikasie van assessering;
- hoe moderering in die skool plaasvind;
- hoe dikwels rapportering plaasvind en die metode daarvan;
- die monitering van alle assesseringsprosesse;
- die opleiding van personeel ten opsigte van assessering.

Gebiede waar inskoolopleiding moet plaasvind, sluit in:
- hoe om kriteria vir assessering en assesseringstabelle te gebruik;
- hoe onderwysers in dieselfde graad op die vereistes vir die bereiking van leeruitkomste kan besluit;
- hoe om kommentaar vir assesseringsuitslae en rapporte te skryf;
- hoe om 'n algemene begrip van die skool se assesseringsprogram te verseker.

## VERSLAGHOUDING

### Verslagboeke

Goeie verslag- of rekordhouding is noodsaaklik in alle assessering, veral in deurlopende assessering. 'n Verslagboek of -lêer moet deur elke onderwyser gehou word. Dit moet die volgende bevat:
- name van leerders;
- datums van assessering;
- naam en beskrywing van assesseringsaktiwiteite;
- die uitslae van assesseringsaktiwiteite, volgens leerareas of leerprogramme;
- kommentaar vir steundoeleindes.

Alle rekords moet toeganklik wees, maklik wees om te interpreteer, veilig bewaar word, vertroulik wees en nuttig in die onderrig- en rapporteringsproses wees.

Die assesseringsprogram bepaal die besonderhede van hoe verslagboeke ingevul moet word. Die assesseringskodes word gebruik om aan te dui hoe die leerder in terme van die leeruitkomste presteer. Die kodes wat gebruik word, moet duidelik en verstaanbaar vir leerders en ouers wees.

### Kodes vir Gebruik by Assessering

Daar bestaan talle maniere waarop terugvoering oor assessering aan leerders gegee kan word en hoe onderwysers dit kan opteken. Die keuse van die beste manier van terugvoering vir 'n assesseringsaktiwiteit sal van verskeie faktore afhang, soos:
- die aantal leerders in die klas en die tyd wat die onderwyser beskikbaar het;
- die kompleksiteit en lengte van die assesseringsaktiwiteit;
- die leerinhoud of vaardighede wat geassesseer word;
- hoe gou terugvoering gegee word;
- hoe geïndividualiseer die terugvoering is;
- die kriteria (of assesseringstabelle) wat die onderwyser gebruik om leerderprestasie te beskryf;
- of leerders se prestasie met klasmaats se prestasie of vorige prestasie vergelyk gaan word, en/of die vereistes van die assesseringstandaarde en leeruitkomste.

Sommige assesseringskodes is meer gepas vir sekere doeleindes as ander. Skriftelike kommentaar kan byvoorbeeld besonderhede verskaf, persoonlik wees en voorstelle vir verbetering verskaf. Dit is ook nuttig vir rapportering oor leerderprestasie ten opsigte van assesseringstandaarde. Dit neem egter lank om kommentaar te skryf en is nie baie maklik om op te teken nie. Kodes soos "Uitstekend", "Baie goed", "Goed", "Bevoeg" en "Onvoldoende" is veel vinniger om te skryf en maak dit moontlik om prestasie met vorige werk te vergelyk en teen assesseringstandaarde te assesseer. Hierdie kodes verskaf egter nie die besonderhede wat skriftelike kommentaar moontlik maak nie. Punte kan weer vinnig opgeteken word en opgetel, vermenigvuldig en gedeel word. Dit is nuttig wanneer leerders se prestasie in verhouding tot ander in die klas en tot ander grade of skole geassesseer word. Punte verskaf egter min inligting oor leerders se prestasie in terme van die assesseringstandaarde.

'n Paar voorbeelde van ander assesseringskodes is:

- nog nie bereik nie; deels bereik; bereik;
- uitstekende standaard; bevredigende prestasie; benodig ondersteuning;
- A, B, C;
- frases (of assesseringstabelle) wat spesifiek vir die assesseringsaktiwiteit of rapport ontwerp is.

Dit maak nie saak watter assesseringskodes gebruik word nie, terugvoering is altyd doeltreffender wanneer dit met skriftelike kommentaar gekombineer word. Wanneer leerders skriftelike terugvoering eerder as net 'n punt ontvang, is daar 'n groter kans op verbetering in hul prestasie. Alhoewel punte en persentasies baie nuttig vir verslaghouding is omdat dit maklik is om op te teken, is dit dikwels nie nuttig vir terugvoering of rapportering nie. Ander probleme wat deur punte geskep word, is dat dit saamgevoeg en gemanipuleer kan word en dat dit veel in verband met 'n leerder se prestasie en vordering verbloem. Indien leerders meer as een assesserings-aktiwiteit gedoen het, bestaan die versoeking om die punte op te tel en die gemiddeld uit te werk. Wanneer dit gedoen word, verloor punte hul nut om spesifieke inligting oor te dra. 'n Gemiddelde of saamgevoegde punt verbloem die feit dat 'n leerder in een opsig goed aan die verlangde vereiste voldoen het, maar nie in 'n ander nie.

Punte gee 'n geheelindruk van prestasie, maar gee nie aan die leerder die redes vir die assessering van die prestasie (of gebrek aan prestasie) nie. Dit gee ook nie spesifieke riglyne vir verbetering nie. Punte beskryf verder ook nie leerdervordering oor tyd heen voldoende nie. Dikwels word dit as goeie vordering beskou wanneer 'n leerder dieselfde punt as vroeër behaal (mits dit 'n bevredigende punt is). 'n Punt van 70 vir 'n graad 5-assesseringstandaard en 'n punt van 70 vir 'n graad 6-assesseringstandaard verbloem hoe die leerder tydens die jaar gevorder het. Sodanige vordering kan beter deur middel van 'n stelling, kode of skriftelike kommentaar beskryf word.

## Nasionale Kodes

In die verslaghouding van of rapportering oor leerderprestasie in die leeruitkomste van 'n bepaalde graad moet die volgende kodes gebruik word:

**4** = Leerder se prestasie het die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad ***oortref***.
**3** = Leerder se prestasie het aan die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad ***voldoen***.
**2** = Leerder se prestasie het ***gedeeltelik*** aan die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad ***voldoen***.
**1** = Leerder se prestasie het ***nie*** aan die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad ***voldoen nie***.

## Vorderingskedules

Aan die einde van elke jaar moet 'n vorderingskedule voltooi word en deur die skoolhoof en 'n departementele amptenaar onderteken word. Die vorderingskedule is 'n verslag/rekord met 'n opsomming van inligting rakende die vordering van al die leerders in die graad in die skool.

Die vorderingskedule behoort die volgende inligting te bevat:
- naam van die skool en die skoolstempel;
- 'n lys van die leerders in elke graad;
- kodes vir vordering in elke leerarea (nasionale koderingstelsel);
- kodes vir vordering in elke graad (vorder na die volgende graad of bly in dieselfde graad);
- kommentaar op sterk punte en areas wat ondersteuning in elke leerarea vereis;
- datum en handtekening van die skoolhoof, onderwyser of ander opvoeder, en departementele amptenaar.

## Leerderprofiele

'n Leerderprofiel is 'n deurlopende verslag wat 'n volledige beeld van 'n leerder se prestasie verskaf, insluitend die holistiese ontwikkeling van waardes, houdings en sosiale ontwikkeling. Dit help die onderwyser in die volgende graad of skool om die leerder beter te verstaan en dus gepas op haar of hom te reageer. Elke leerder se leerderprofiel moet veilig bewaar word en moet leerders deur hul skoolloopbaan vergesel.

Die volgende soort inligting behoort in 'n leerderprofiel te verskyn:
- persoonlike inligting;
- fisieke toestand en mediese geskiedenis;
- skole bygewoon en 'n rekord van bywoning;
- deelname aan en prestasie in buitemuurse aktiwiteite;
- emosionele en sosiale gedrag;
- ouerbetrokkenheid;
- areas wat addisionele ondersteuning benodig;
- opsomming van oorkoepelende rapport aan die einde van die jaar;
- opsommende verslae/rekords van skooljare.

**Let Wel:**
- Die leerderprofiel vervang alle vorige deurlopende verslagdokumente wat in skole gebruik is, soos verslagkaarte en Olab-kaarte. Die sentrale doel van 'n leerderprofiel is om 'n leerder by te staan deur toegang tot die verskeidenheid inligting daarin te verskaf.
- Persoonlike inligting in 'n leerderprofiel behoort nooit vir onregverdige of diskriminerende optrede teen 'n leerder gebruik te word nie.
- Leerderprofiele moenie met portefeuljes verwar word nie. 'n Portefeulje is 'n assesseringsmetode wat die leerder en onderwyser saam geleentheid bied om werk wat vir etlike assesseringsaktiwiteite gedoen is, in ag te neem. Die werk word in 'n lêer of houer geplaas. Die leerderprofiel, daarenteen, is 'n rekord wat inligting oor 'n leerder bevat.

# RAPPORTE

## Inligting wat in Rapporte moet Verskyn

Onderwysers moet aanspreeklik teenoor leerders, ouers, die onderwysstelsel en die gemeenskap as 'n geheel

wees wanneer hulle leerders assesseer. Dit vind deur rapportering plaas. Benewens skriftelike rapporte kan mondelinge of praktiese aanbiedings en uitstallings van leerders se werk ook gebruik word.

Elke rapport of verslag oor ’n leerder se algehele vordering behoort inligting in te sluit oor:

- die leer wat plaasgevind het;
- die leerder se bevoegdhede;
- ondersteuning wat nodig is;
- opbouende terugvoering, wat kommentaar oor die leerder se prestasie in verhouding tot klasmaats en die leerder se vorige prestasie ten opsigte van die vereistes van die leerprogramme of leerareas behoort te bevat.

Rapportering aan ouers behoort op ’n gereelde grondslag plaas te vind ten einde hul betrokkenheid en deelname aan te moedig. Onderwysers moet aan die einde van elke kwartaal formele rapporte vir rapportering gebruik. Dit sal gewoonlik nie moontlik wees om inligting oor prestasie in elke leeruitkoms te gee nie. Rapporte behoort egter inligting oor prestasie in elke leerarea of leerprogram (in die geval van die Grondslagfase) te verskaf.

## Rapporte

Die minimum vereistes vir ’n rapport is:

1) *Basiese inligting*

- naam van skool;
- naam van leerder;
- graad van leerder;
- geboortedatum van leerder;
- jaar en kwartaal;
- handtekening van ouer of voog en datum;
- handtekening van onderwyser en datum;
- handtekening van skoolhoof en datum;
- datum wanneer skool sluit en heropen;
- skoolstempel;
- skoolbywoningsprofiel;
- verduideliking van die kodes van die nasionale koderingstelsel.

2) *Sterk punte en behoeftes*

- Gee ’n beskrywing van die leerder se sterk punte en ontwikkelingsbehoeftes of areas wat ondersteuning in elke leerarea of leerprogram benodig.
- Gebruik die nasionale koderingstelsel om prestasie teen die assesseringstandaarde en die leeruitkomste wat tot dusver gedek is, te evalueer – dit is nie nodig om ’n kode vir elke leeruitkoms te gee nie. In die rapport aan die einde van die jaar moet die leerder se algehele prestasie in die leerareas getoon word.

3) *Kommentaar op elke leerarea of leerprogram*

Lewer kommentaar op elke leerarea of leerprogram, spesifiek in die geval van leerders wat die vereistes oortref het of ondersteuning benodig. Kommentaar op spesifieke sterk punte of areas wat ondersteuning benodig, behoort met die assesseringstandaarde geskakel te word. Hierdie kommentaar sal ouers, leerders en ander opvoeders in staat stel om te begryp watter ondersteuning die leerder benodig.

# NASLAANLYSTE

## KURRIKULUM EN ASSESSERING

*Hier volg 'n alfabetiese lys kernterme wat in die ontwerp van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en in die meegaande leerderassesseringsbeginsels gebruik word.*

**Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband –** die tien verpligte skooljare wat uit die Grondslag-, Intermediêre en Senior Fase bestaan

**Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat –** sertifikaat wat na suksesvolle voltooiing van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband verwerf word

**assessering –** 'n deurlopende, beplande proses van inligtingversameling oor leerderprestasie, gemeet teen die assesseringstandaarde

**assesseringstandaarde –** die kennis, vaardighede en waardes wat leerders moet toon ten einde die leeruitkomste in elke graad te bereik

**deurlopende assessering –** 'n assesseringsmodel wat die integrasie van assessering in onderrig en in die ontwikkeling van leerders deur middel van deurlopende terugvoering aanmoedig

**formatiewe assessering –** hierdie vorm van assessering assesseer leerdervordering tydens die leerproses ten einde terugvoering te verskaf wat leer sal versterk

**grondlynassessering –** aanvanklike assessering wat gebruik word om uit te vind wat leerders reeds weet

**Grondslagfase –** die eerste fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband: graad R, 1, 2 en 3

**integrasie –** 'n kernontwerpsbeginsel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring wat vereis dat leerders hul kennis en vaardighede van ander leerareas of van verskillende dele van dieselfde leerarea moet gebruik ten einde take en aktiwiteite uit te voer

**Intermediêre Fase –** die tweede fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband: graad 4, 5 en 6

**kritieke uitkomste –** saam met die ontwikkelingsuitkomste die kernuitkomste van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en deur die Grondwet geïnspireer; dit sluit in kernlewensvaardighede vir leerders, soos kommunikasie, kritiese denke, aktiwiteits- en inligtingsbestuur, groep- en gemeenskapswerk en evalueringsvaardighede

**Kurrikulum 2005 –** die eerste weergawe van die Nasionale Kurrikulumverklaring in Suid-Afrika ná apartheid. Die onderwysbeleidsdokument van 1997 verskaf 'n raamwerk vir Vroeëkindontwikkeling, Algemene Onderwys en Opleiding, Verdere Onderwys en Opleiding en Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) is daarop gerig om Kurrikulum 2005 te versterk.

**leerareas –** die agt kennisvelde in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole): Tale, Wiskunde, Natuurwetenskappe, Tegnologie, Sosiale Wetenskappe, Kuns en Kultuur, Lewensoriëntering, en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

**leerareaverklarings –** die verklaring vir elke leerarea wat die leeruitkomste en assesseringstandaarde vir daardie leerarea uiteensit

**leerderprofiel –** 'n omvattende verslag oor 'n leerder se vordering, insluitend persoonlike inligting, sosiale ontwikkeling, ondersteuningsbehoeftes en jaarlikse rapporte

**leerprogramme –** programme van leeraktiwiteite, insluitend inhoud en onderrigmetodes; hierdie programme word deur die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) onderlê, maar deur provinsies, skole en onderwysers ontwikkel

**leeruitkomste –** leeruitkomste spruit voort uit die kritieke en ontwikkelingsuitkomste en dui aan wat leerders aan die einde van 'n graad, fase of band moet weet en in staat moet wees om te doen

**nasionale koderingstelsel –** 'n standaard- nasionale stelsel van prestasiekodes ten einde oor 'n leerder se vordering verslag te doen

**ontwikkelingsuitkomste –** saam met die kritieke uitkomste die kernuitkomste van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en deur die Grondwet geïnspireer; dit is daarop gerig om leerders in staat te stel om doeltreffend te leer en om verantwoordelike, sensitiewe en produktiewe burgers te word

**portefeulje –** individuele lêer of omslag van elke leerder se werk

**Senior Fase –** die derde en laaste fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband: graad 7, 8 en 9

**summatiewe assessering –** dit verskil van formatiewe assessering aangesien dit na gereelde verslae oor 'n leerder se vordering verwys, gewoonlik aan die einde van 'n kwartaal of jaar

**taal van onderrig en leer –** die taal wat die meeste in 'n bepaalde leer- en onderrigomgewing gebruik word; sommige leerders ervaar onderrig en leer in 'n addisionele taal (nie hul huistaal nie)

**uitkomste –** die resultate aan die einde van die leerproses in uitkomsgebaseerde onderwys; hierdie uitkomste help met die vorming van die leerproses

**uitkomsgebaseerde onderwys –** 'n onderwysproses wat prestasiegeoriënteerd, aktiwiteitsgebaseerd en leerdergerig is; in die navolging van hierdie benadering is Kurrikulum 2005 en die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) daarop gerig om lewenslange leer aan te moedig

**uittreevlak –** wanneer leerders graad 9 voltooi en die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat verwerf

**vordering –** 'n kernontwerpsbeginsel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) wat die leerder in staat stel om geleidelik meer gekompliseerde, dieper en breër kennis, vaardighede en begrip in elke graad te ontwikkel

**vorderingskedules –** die instrument vir die aantekening van alle leerders se vordering in 'n graad aan die einde van 'n jaar; dit sluit kodes in vir vordering in elke leerprogram of leerarea en graad en opmerkings oor nodige ondersteuning